Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Aqeeb Douman**
Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde
aqeeb.douman@westerncape.gov.za | 021 467 2770

Lêerno.: 26/1/P
Verwysing: 20230323-2834

Omsendbrief: 0011/2023
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by gewone openbare skole en koshuise (met uitsondering van onderwyskolleges)

Kort opsomming: *Verhoging in die bedrae betaalbaar vir subsidies*

**Onderwerp: Verhoging in die bedrae betaalbaar vir subsidies vir verblyf, vervoer en privaat losies, asook personeelsubsidies aan koshuise en gewone openbare skole**

1. **Subsidies vir verblyf in koshuise, privaat losies en privaat vervoer**

1.1 Goedkeuring vir 'n verhoging van die volgende subsidies is verleen met ingang van **01 April 2023**:

1.1.1 Subsidies vir verblyf in koshuise
Die maksimum subsidie wat betaalbaar is vir verblyf aan behoeftige leerders wat ingeskryf is by koshuise wat aan gewone openbare skole verbonde is, is van R10 770,00 tot R11 244,00 per leerder per jaar verhoog.

1.1.2 Subsidies vir privaat losies en privaat vervoer
Die maksimum subsidies vir privaat losies en privaat vervoer wat aan behoeftige leerders in die Weskus-, Kaapse Wynland-, Eden en Sentale Karoo-, en Overberg-distrikte betaalbaar is, is van R2 530,00 tot R5 600,00 per leerder per jaar verhoog.

1.2 Let wel: Al die bogenoemde subsidies word bereken volgens die goedgekeurde middeletoets (kyk Inrigtingsbestuur-en-beheerbeplanningsminuut 0001/2018, gedateer 09 Maart 2018) en die kriteria soos uiteengesit in Omsendbrief 0143/1998, gedateer 06 November 1998, en Omsendbrief 0029/2001, gedateer 13 Maart 2001.

2. **Personeelsubsidies**

2.1 Goedkeuring is ook verleen vir die verhoging van die volgende personeelsubsidies met ingang van **01 April 2023**:

2.1.1 Die personeelsubsidie betaalbaar aan skole met 'n inskrywingsgetal van minder as 201 leerders vir die aanstelling van administratiewe en algemene dienspersoneel, is verhoog van R710,00 tot R740,00 per leerder per jaar. 'n Minimum van R27 100,00 per jaar sal aan 'n skool betaal word.

2.1.2 Die personeelsubsidie betaalbaar aan koshuise verbonde aan skole met minder as 50 koshuisgangers vir die aanstelling van administratiewe personeel, is verhoog van R10 770,00 tot R11 244,00 per leerder per jaar.

2.2 Let wel: Die personeelsubsidies word bereken volgens die kriteria wat in Omsendbrief 0117/2000, gedateer 03 September 2000, en Omsendbrief 0025/2011, gedateer 11 Oktober 2011 uiteengesit is.

2.3 Indien daar bevestig word dat die skool botallige staatsdienspersoneel het, sal 'n personeelsubsidie nie betaal word aan gewone openbare skole met 'n inskrywingsgetal van 200 of minder leerders, of aan gewone openbare skole met 'n inskrywingsgetal van 50 of minder koshuisgangers in die koshuise wat daaraan verbonde is nie.

3. Fondse sal slegs aan 'n skool oorbetaal word indien die distrikskantoor dit as finansieel gesond sertifiseer, soos gegrond op die finansiële aktiwiteite van vorige kwartale. As 'n skool voorts nie as finansieel gesond op of voor die einde van die boekjaar gesertifiseer word nie, kan die skool sy oordragbetalingsbefondsing verbeur.

4. **Kontaknommers vir navrae**

| Onderwerp | Amptenaar |
|---|---|
| Oordragbetalings: subsidies vir verblyf in koshuise | Mnr. Siphosethu Dindala<br>Siphosethu.Dindala@westerncape.gov.za<br>021 467 2062 |
| Oordragbetalings: privaat losies, privaat vervoer<br>Personeelsubsidies – skole, personeelsubsidies – koshuise | Mnr. Alfranco Muller<br>Alfranco.Muller@westerncape.gov.za<br>021 467 2843 |

5. Indien die betrokke persone hierbo nie per telefoon bereik kan word nie, word skole/koshuise aangemoedig om enige navrae skriftelik in te dien.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-03-31